# Boekbesprekings/Book Reviews

**Beinart, W**: *Twentieth-century South Africa*. OPUS-reeks, Oxford University Press, Oxford, 1994, 293 pp., Appendix, Tabelle en Figure, Bibliografie, Indeks.

Beinart se nuutste publikasie is, soos wat dit die geval is met vele ander onlangse publikasies, 'n poging om 'n samevatting te gee van die sogenaamde radikale historiografie oor Suid-Afrika. Natuurlik word ook verwys na werke soos die van Paul Maylam, Ken Smith, Colin Murray, Merle Lipton en andere, wat nie as behorende tot die radikale historici geag word nie. Die oorwig van die bronnelys lees eintlik soos 'n"wie is wie" in die radikale of 'n kortbegrip daarvan liberale debat, NP.

Die verblydende van Beinart se werk is dat hy aansienlik afgeskaal het op die gebruik van die on materialisties deterministiese terminologie ("jargon") van die sewentigs en tagtigs. Beinart se eie navorsing oor landelike gebiede het daartoe bygedra dat die boek 'n veel groter bestek aan ontwikkeling in landelike gebiede wy. Beinart verklaar aan die begin dat die werk essensieel polities nomatief is, maar binne die konteks van die landse ekonomiese, sosiale en kulturele geskiedenis (Voorwoord) Hierdie vertrekpunt verteenwoordig reeds noemenswaardige verskuiwing van die aanvanklike radikale uitgangspunt dat veel groter klem geplaas moet word op die ekonomiese determinante van ontwikkeling. Dwarsdeur die boek is die gebrekkige ekonomiese onderbou duidelik en versterk dit net die persepsie wat al in die vroeë tagtigerjare by skeptici bestaan het oor die radikale herinterpretasie, naamlik dat daar van ekonomiese terminologie gebruik gemaak is, sonder dat die ekonomiese proses verstaan of as sodanig, ondersoek is. Beinart se fokus is op die verklaring van die uiteindelike politieke ontwikkelinge van die 1990's. In die proses om dit te verduidelik, word breedvoerig aandag verleen aan die landelike lewenswyse en grondbesitpatrone. Die fokus val dan op die ondermyning van die onafhanklike bestaanswyse van tradisionele gemeenskappe deur die geleidelike vestiging van kapitalistiese ekonomiese verhoudinge. Baie aandag word veral verleen aan die verksynsel van migrasie-arbeid. Die waarneming dat trekarbeid ontstaan het beide as gevolg van die goudmyne se vraag na arbeid as die interne dinamiek van die Swart gemeenskappe (p. 30), dui op die tempering van die radikale werk wat Beinart dwarsdeur die boek bewerkstellig. Beinart se nuwe belangstelling in omgewingsgeskiedenis word weerspieël in sy hoofstuk twee, waarin landbou binne die omgewingsverband geplaas word.

In hoofstuk drie is Beinart op die onbekende terrein van die on radikales - "the logic of the mines". - en sy gevolgtrekking is steeds dat "The South African war was essentially about the effects of gold" (p. 61) Hy erken egter dat die aangeleentheid van politieke regte vir Swartmense wesenlik belangrik vir die boererepublieke was. In die vierde hoofstuk oor Swawrt reaksie en weerstand, word baie meer klem geplaas op die ontwikkeling van organisasies en rol van leierskap. Die dinamiese rol van nasionalisme en die Christendom in die ontwikkeling van Swart politiek word uitgelig, teenoor die sterk klasgedetermineerde tipe verklarings van die verlede (vgl. pp. 101, 103) waar slegs ekonomiese determinisme optrede bepaal het. Die tipe sosiale geskiedenis waarmee Charles van Onselen begin het, vind ook sy neerslag in hierdie hoofstuk met verwysings na die rol van vroue, huiswerk, drankbereiding, die lewe in stedelike kompongs, ens.

Hoewel Beinart aan die begin van die boek duidelik verklaar dat dit 'n politieke normatief is, waag hy hom tog op die terrein van ekonomiese geskiedenis, in veral hoofstuk vyf oor die periode van die depressie en meer in hoofstuk sewe oor ekonomiese voorspoed in die 1960's en 1970's. Die omvattende ekonomiese dinamiek van die depressie, ineenstorting van die Wall Street Effektebeurs en daarna die goud standaard, word net soos in meeste algemene politieke geskiedenisboeke, kortliks beoordeel vanuit die impak op die politieke proses. Die ekonomiese kragte onderliggend daaraan, naamlik kapitaalvlug in Brittanje en in Suid-Afrika en die gevolglike monetêre krisis, word aangesien. Dis weer eens te begrype, want Beinart het die mees gesaghebbende werk oor die Suid-Afrikaanse ekonomiese geskiedenis, *nl.* Stuart Jones en André Müller: *The South African Economy, 1910-1990.* (MacMillan, 1992) nie eers geraadpleeg nie. Beinart het net 'n kortbegrip gegee van wat mede "oud"-revisioniste oor die periode geskryf het. In sy hantering van die periode is dit dus 'n kortsondige swaarkry hik vir die boere.

In die hoofstuk oor die 1960's en 1970's val Beinart sommer weg met die ekonomiese omstandighede van die 1960's, maar doen geen ontleding van die ekonomiese ontwikkeling tussen 1948 en 1960 nie. Trouens, nêrens in die boek word die verband tussen die depressie van die 1930's en voorspoed van die 1960's samehangend ontleed nie.

Die laaste gedeelte van die boek is dan die opsomming van politieke ontwikkeling sedert die middel sewentigerjare. In hierdie deel vind mens 'n samevatting van die hoofmomente van politieke konfrontasie, massa-aksie en onderhanelings. Teen die tyd dat Beinart opgehou skryf het, was dit 1992, met die gevolg dat die laaste fase van onderhandelings en die opmars tot die duurste verkiesing, in die gesiedenis van Suid-Afrika, nie gedek is nie. Die laaste twee hoofstukke is werklik net politieke nanarief. In die laaste paragraaf verklaar Beinart: "But there is some prospect of a freer society, a stable social order, and a relatively democratic system under a majority black but non-racial government". (p. 260) Dit bly Beinart se versugting, want min daarvan is die werklikheid teen die einde van 1995.

Die boek lees maklik en is oorsigtelik geskryf. Dit is net verbasend dat Beinart nog nie verneem het dat die damskema "Cahora Bassa" en nie "Cabora" is nie (p. 170). Mens wonder ook oor die feitelike korrektheid daarvan dat Afrikaner boere en sakemanne in die 1960's hoofsaaklik wit Mercedes Benz'e gekoop het. (p. 174)

Historici moet nog 'n grondige algemene geskeidenis van Suid-Afrika skryf een wat alle perspektiewe verreken.

G. Verhoef
Departement Geskiedenis
RAU

**Piet Beukes**: *The Religious Smuts*. Human & Rosseau, Cape Town and Johannesburg, 1994, 111 pp.

From a technically academic point of view this is a book that both rewards and frustrates. But as the book, with its eye-catching, full-colour cover, was clearly not written primarily for a small group of technical, academic readers it would be unfair to review it from such a perspective alone. I shall therefore do so with general readers in mind,while also referring to the interests of the specialist scholar. Seen in this light, the rewards provided by the book are